AfriForum kla Kovsies se SR-president strafregtelik aan

PIETER STEYN
Bloemfontein

Mnr. Moses Masitha, studenteraadspresident van die Universiteit van die Vrystaat (UV), word nie net deur 'n moontlike permanente skorsing deur die UV in die gesig gestaar nie, hy word nou ook strafregtelik aangekla.

Volgens mnr. Ernst Roets, nasionale jeugleier van die burgerregtegroep AfriForum, het hulle 'n klag van intimidasie teen Masitha by die polisie ingedien.

Roets, wat gister die UV besoek het, het ook 'n klag teen Masitha by die rektor, prof. Jonathan Jansen, ingedien.

"Ons het ook die studentedekaan, mnr. Rudi Buys, versoek om Sasco as vereniging by die UV te deregistreer en Masitha te skors."

Volgens Roets was die Noordwes-voorsitter van AfriForum-jeug, me. Estelle Smit, een van die studente wat netbal gespeel het toe Sasco verlede Vrydag op die netbalbane gestorm het en die wedstryde afgestel moes word.

"AfriForum-jeug sal nie toelaat dat klein Malematjies studenteaktiwiteite by die UV of die NWU ontwrig nie. Die studenteraad dra die verantwoordelikheid om studente te verteenwoordig en die belange van die universiteit te bevorder. Ingevolge die UV se eie disiplinêre kode kom Masitha se optrede op growwe wangedrag neer wat summiere en finale skorsing regverdig," het Roets gesê.

AfriForum-jeug het luidens 'n verklaring gister met Buys beraadslaag oor die toekoms van studenteverteenwoordiging by die UV.

Mnr. Thabiso Letsoara, SR-visepresident wat ook geskors is hangende 'n dissiplinêre ondersoek deur die UV, het gister gesê hulle is nog nie formeel aangekla nie.